



# KORTVERHAAL

'n Baie kort storie.

## AGGE NEE! DAAR WAS 'N DORING VOOR DIE WENSTREEP.

Hierdie storie het net nege woorde. Dit gaan oor wat sal gebeur as jy kaalvoet resies hardloop en dink jy gaan wen, maar net voor die wenstreep trap jy in 'n doring. **Eina!**

Hoekom probeer jy nie ook 'n baie kort storie skryf nie? Kyk of jy minder as 20 woorde kan gebruik.

As jy wonder waar om te begin met jou baie kort storie, is hier 'n bietjie hulp.

Skryf 'n storie oor een van die volgende. Gebruik die "wat as"-spel hier. Dit is die maklikste (en lekkerste) manier om aan storie-idees te dink en die een wat die meeste skrywers gebruik. Hoe werk die "wat as"-spel? Dink aan enigiets en sit 'n "wat as"-vraag by.





**Byvoorbeeld**:

* **Wat as jou skoolhoof eintlik The Hulk was?**
* **Wat as die stoel waarop jy sit jou begin opeet?**
* **Wat as jou beste vriend eintlik 'n robot is?**

Nou is dit jou beurt. Jy kan een van hierdie idees gebruik of jou eie. Daar is geen regte of verkeerde antwoorde nie. Hier speel ons bloot met woorde en idees.

* **Wat as jou hond skielik soos 'n operasanger begin sing?**

* **Wat as jou ouers besluit dat julle gesin die vakansie na die maan gaan?**

* **Wat as jy so warm kry dat jy graag wil swem, maar die hele swembad is vol ysblokkies en dis bibber-en-bewe-koud?**

* **Wat as die dorp of stad waar jy bly in die nag, terwyl jy slaap, opstaan en iewers anders gaan neerplons? Waar is jy nou, en wat gaan jy doen?**

